# VOLTYDSE DOSENT: POLITIEK EN GLOBALE POLITIEK (PAARL-KAMPUS)

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2026 op die Paarl-kampus 'n voltydse pos vir 'n dosent in Politiek en Globale Politiek in die Departement Sosiale Wetenskappe beskikbaar. Om vir die pos te kwalifiseer moet 'n kandidaat oor 'n goeie taalvermoë in akademiese Afrikaans en 'n honneursgraad in Politieke Wetenskap of 'n verwante dissipline beskik. Dit sal in die kandidaat se guns tel indien sy of hy vir 'n verwante meestersgraadstudie geregistreer is of oor 'n verwante meestersgraad beskik. Die kandidaat moet ook ten minste een jaar ervaring in hoër onderwys hê.

Ervaring in versnitte leer (blended learning), blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia, kennis van en kundigheid in die elektroniese onderrig-en-leer-omgewing, praktykervaring, gepubliseerde akademiese artikels, en ervaring in die ontwikkeling van studiemateriaal sal ook in die kandidaat se guns tel.

Daar sal van die aangestelde dosent verwag word om 'n spektrum van akademiese en verwante take te verrig wat, onder andere, insluit: die ontwikkeling, dosering en gehalteversekering van akademiese modules; die opstel van assesseringsaktiwiteite in 'n versnitte-leer-omgewing; en die lewering van bystand en ondersteuning aan studente.

Die ideale kandidaat vir hierdie pos moet oor sterk skryf- en redigeervaardighede in Afrikaans en Engels; beskik oor uitstekende kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede beskik; onafhanklik of in spanverband kan funksioneer; innoverend en hardwerkend wees; inisiatief kan neem; oplossingsgedrewe wees; goeie administratiewe en prioritiseringsvermoë hê; 'n besondere vermoë hê om werk onder druk te voltooi; 'n passie vir Afrikaans hê; en as ambassadeur vir Akademia help om die instelling uit te bou.

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Aansoeke moet voor of op 4 September 2025 ingedien word. Stuur 'n e-pos na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

*Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.*

*Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.*